Lekkerbekkie

Gratis e-tydskrif vir ouers en kleuters

Uitgawe 3 Julie 2011

Inhoud

Lekkerbekkie die Muis

Storie: “Lekkerbekkie verjaar” 1
Inkleurprentjie 2
Rekenaarspeletjie 2

Artikels

Maak jou kind weerbaar teen boelies..... 3
Slim kinders se slim sê-goed 3
Rubriek: “Die *granny* in die *granny flat*”..... 4
Rubriek: “Ons plus twee”..... 5
Kleuter Kletsies: Kom ons maak slym..... 5
Vita Stories vir gesonde kinders!..... 6

Kompetisies

Wen ’n volledige stel van 24 *Vita Stories* CDs! 2
Junie-maand se wenners 7

Resep: Sjokolade lepels 4

Kontakbesonderhede 7
Adverteer in Lekkerbekkie 7

Voorblad-foto: www.esthiethirionphotography.co.za | Model: Suné Basson

Hier is die derde uitgawe van ons Lekkerbekkie tydskrif sowaar al!

Sjoe, die tyd vlieg...

Dis so lekker om van ons lesers regoor die wêreld te hoor hoe julle en die kleingoed die Lekkerbekkie geniet! Dis vir ons net soveel pret om dit aanmekaar te sit elke maand, en ons is geseënd met ‘n wonderlike span mede-werkers. Soos die tydskriffie van “inbox” na “inbox” oor die landsgrense reis, verbreed dit ook óns horisonne omdat ons soveel nuwe mense ontmoet in die opstel hiervan. Dankie aan almal wat so vriendelik vir ons terugvoer gee!

Dis skoolvakansie in Suid-Afrika en baie mammas sit hande in die hare oor hoe om die kleingoed besig te hou terwyl dit so koud is buite. Vir die kleinspan is hier weereens ‘n lekkerlees-storie en ‘n inkleurkompetisie, ‘n rekenaarspeletjie en ‘n resep vir regte egte SLYM!! Weereens sluit die uitgawe oulike leesstof vir die ouers én grootouers in, en op bladsy 4 is ‘n resep vir “sjokolade lepels” kan sorg vir groot pret in die kombuis!

Ons (Anna Emm Productions) skenk dan ook hierdie maand se prys – ‘n volledige stel *Vita Stories* CDs ter waarde van R750 – aan ‘n gelukkige leser! Onthou ook om die kleingoed se inkleurprentjies in te stuur voor 25 Junie sodat hulle in aanmerking kan kom vir ons Storieklub-CDs.

Julie-maand sien die vrystelling van ons heel eerste DVD, “Die Avonture van Lekkerbekkie Muis”, vir kinders 2-5 jaar! Dit was harde werk, maar oe, dit was lekker! Mag die kinders dit net so baie geniet!

Groete uit die kantoor
Anna Emm

Nuut op DVD!!!
R149
(R20 posgeld en verpakking)

DIE AVONTURE VAN
Lekkerbekkie Muis
8 Vrolike animasie stories vir 2-5 jariges... in Afrikaans!
Bestel jou kopie by lekkerbekkie@annaemm.co.za
Bestel jou DVD by lekkerbekkie@annaemm.co.za

© Anna Emm Productions 2011

Lekkerbekkie verjaar

Lekkerbekkie Muis word wakker en strek hom uit.
Hy sit regop in sy bedjie.

“Ek verjaar mos vandag!” roep hy bly uit. “Vandag is Lekkerbekkie Muis se verjaardag!”

Hy spring uit sy bedjie en loer by die venstertjie uit.
Hoog bo in die lug sit die sonnetjie lekker warm en rond.

“Môre, Sonnetjie!” roep Lekkerbekkie Muis. “Ek verjaar vandag!”

“Baie geluk, Lekkerbekkie!” sê die sonnetjie. “Jy moet seker agter jou ore was en jou tandjies borsel voor al die maatjies met presente kom kuier.”

Nou is Lekkerbekkie Muis sommer baie opgewonde! Hy was agter sy ore en borsel sy tandjies twee keer. Hy maak sy bedjie op en maak sy huisie aan die kant. Nou wag hy vir die maatjies. Maar niemand kom nie!

“Ek wonder waar is al my maatjies dan?” sê Lekkerbekkie Muis. “Ek verjaar mos vandag!”

Hy dek die tafel met glasies en bordjies vir wanneer die maatjies kom. Hy pluk ‘n blommetjie en sit dit op die tafel. Alles lyk baie mooi, maar waar is al die maatjies dan?

“Ek wonder waar is al my maatjies dan?” sê Lekkerbekkie Muis. “Ek verjaar dan vandag!”

Lekkerbekkie Muis vat die besem en vee sy vloer silwerskoon. Hy vat ‘n lappie en was die ruite tot dit blink. Hy pak klein stoeltjies om die tafel en wag vir die maatjies om vir hom te kom geluk sê met sy verjaardag. Maar niemand kom nie!

“Ek wonder waar is al my maatjies dan?” sê Lekkerbekkie Muis. “Ek verjaar vandag!”

Nou begin Lekkerbekkie Muis se oortjies sommer hang van hartseer. Het die maatjies dan sy verjaardag vergeet? Het hulle vergeet van sy presentjies? Hy sug baie diep, maar dan klop iemand skielik aan die deur! Vinnig spring Lekkerbekkie Muis op en maak die deur oop.

Maar dit is nie sy maatjies nie. Dit is Mossie die mossie, wat bo in die boom woon.

“Môre, Lekkerbekkie Muis!” groet Mossie die mossie. “Wil jy nie groot asseblief gou vir my kom help nie? Daar lê ‘n lekker ryp appel onder die appelboom by die rivier. Ek wil dit vir my kinders gaan haal, maar dis te swaar vir my om alleen te dra.”

En toe besluit Lekkerbekkie Muis maar om vir Mossie die mossie te help met die appel, want nie een van sy maatjies het kom kuier nie. Maar onder die groot appelboom langs die rivier lê nie ‘n appel nie! O nee, daar is ‘n tafeltjie gedek met koek en lekkertjies en neute en sap, en rondom die tafel is presente – sommer vreeslik baie presente! Langs die tafeltjie staan al sy maatjies vir hom en wag!

“Ons het jou lekker verras!” roep al sy maatjies uit. “Lekker verjaar, Lekkerbekkie Muis!”

Die Einde.

Anna Emm het al meer as 700 kinderstories geskryf en op CD vrygestel. Sy woon in Kaapstad en is getroud met 3D animation kunstenaar, Stefan van der Vyver. Sy is ma van Elanie (11) en Mila (3 maande). ***www.annaemm.co.za***

© Anna Emm Productions 2011

Rekenaarspeletjie!
STINK Produksies CC
MINI-GAMES
Kliek hier om te speel
Vind die VERSKILLE
Kleur in en WEN!!!
2 CDs uit ons Storieklub
Pos jou inkleurprentjie met jou naam, ouderdom en mamma se sel nr. na:
LEKKERBEKKIE Posbus 16145 Panorama 7560
Storieklub CD 1
CD 2
Daizee.net
All About Moms & Kids!
Kinderveiligheid • Swangerskap • Borsvoeding
Opvoedkundige Speelgoed • Klere & Bykomstighede
www.daizeeshopping.co.za / info@daizeeshopping.co.za / 072 630 0337
Gebruik kode LBJUL11 op jou web bestelling vir afslag!!!

© Anna Emm Productions 2011

Maak jou kind weerbaar teen boelies

Jy gaan ongelukkig ver soek vir 'n plek waar jou kind nooit met 'n boelie te doen sal kry nie. Hulle is oral. Hulle boelie ander omdat dit hulle laat beter voel oor hulself en 'n gevoel van beheer gee, of omdat daar so teenoor hulle opgetree word – hulle volg dikwels die voorbeeld van 'n ouer wat skree en ander mense rondruk. Hulle is nie geleer hoe 'n mens teenoor ander behoort op te tree nie. Wat ookal die rede, jou kind sal van kleins af moet leer om 'n boelie te hanteer sodat hy ook eendag in die grootmenswêreld dieselfde taktiek kan toepas wanneer mense die lewe vir hom moeilik maak. Hoe graag ons ookal vir ons kinders wil leer om terug te baklei, het talle navorsing al gewys dat dit nie die oplossing is nie. Jy kan nie vir jou kind leer dat geweld nóg geweld regverdig nie. Onthou ook dat boelies gewoonlik 'n sagte teiken soek. Jou eenkantkind sal heel moontlik eerder met boelies te doen kry as jou kind met die maklike persoonlikheid wat vinnig maats maak. Tree voorkomend op deur jou eenkantkind van vroeg af bloot te stel aan aktiwiteite wat sy selfbeeld bou, deur hom aan te moedig om maatjies te maak en deur hom gereeld te neem na plekke waar hy sosiale vaardighede kan ontwikkel.

Leer jou kind dat sommige kinders ander kinders afknou omdat hulle self ongelukkig is of afgeknou is, en dat dit nie oor hom gaan nie. Maak die boelie 'n objek van sy simpatie sodat hy nie vir hom sal bang wees nie.

Dapperheid skrik boelies af. Verduidelik vir jou kind dat daar veiligheid in 'n groep is en dat hy moet sorg dat hy tussen ander kinders bly.

Leer jou kind om aggressiewe gedrag te ontlont deur 'n grappie te maak eerder as om kwaad te raak. Moedig hom aan om die kwaad in sy binnekant weg te stoot, te glimlag en weg te loop. Dit sal veroorsaak dat die boelie belangstelling verloor. Dit is belangrik dat jou kind leer om hulp te soek by 'n grootmens wanneer hy geboelie word. Soms is kinders skaam daaroor en steek dit weg.

Neem dit ernstig op wanneer jou kind kla, meld dit aan by die skool en hou boek van alle voorvalle.

Die storie van die "Skilpad en die jakkalsies" help kinders om boelies beter the hanteer.

Vita Stories

24 Dierestories wat kinders help met kwessies soos boelies, terg, egskeiding, groepsdruk, bang vir die donker,en spanning.

Slegs R35 per CD!
Kies van 24 onderwerpe

www.AnnaEmm.co.za

Slim kinders se slim sê-goed

"My niggie het haar ma gevra hoekom kan haar boetie (wat toe nog baba was) al engels praat maar sy kan nog nie?!" - Lindie Reyneke

"Régan (6) wou gou een oggend sy karretjiemat gaan haal en kom terug gehardloop. Ek sê: Sjoe maar jy is vinnig! Hy antwoord: Ja mamma hierdie crocks wat ek aanhet hardloop vinnig!!!" - Sharon Sansom Truter

"Toe my tweeling seuns, Jaco & Christof so 5 jaar oud was, sit ons eendag in dokter se spreekkamer, dokter het toevallig 'n glas coke op sy lessenaar, toe hak Jaco af: "Dr, my pa drink ook brandewyn en coke". Dr het maar net so verleë laggie gegee." - Marie Nortje

"Ek kom op my dogtertjie (3) in die kamer af waar sy my grimering in die hande gekry het. Alles is besmeer, van haar gesig tot die beddegoed. My reaksie: "NEE, NEE, NEE, wat maak jy? Kyk hoe lyk jy en die kamer nou!" sy : "mamma ek het jou gesê jy moet dit hoog bêle (bêre)"" - Vicky Christie Vos

082 323 1959

Blessed Babies

www.blessedbabies.co.za ella@blessedbabies.co.za facebook

fotos is al wat ons het as ons oud is... boeke, armbande handsakke

BOEKIE KLUB
0860 786 743

Kry die NUUTSTE top Afrikaanse storieboekies en ons eie Bertus Beer reeks aktiwiteitsboekies!

SLEGS R50pm

SLUIT AAN

Storietyd.co.za

© Anna Emm Productions 2011

Die *granny* in die *granny flat*

Oor naelvyltjies en skottelgoedwater

Dis toe ek vanaand die koue skottelgoedwater uitgooi en my verlore naelvyltjie tussen die messe en vurke en lepels ontdek, dat ek wonder of ek besig is om mal te word. Ek soek die ding dan al heeldag!

Toe onthou ek my oggend voor ek weg is kantoor toe...

Vandat daar 'n nuwe baba in die huis langsaan is, kom vierjarige Sebastian en tweejarige Bea nou soggens , warm toegewikkel in hul kamerjassies, donkeroggend al aan my deur klop. Hulle wag en hou glo van opstaantyd af dop vir wanneer ek my lig aanskakel. My badkamerlopie loop ek dus deesdae in die donker. Dan kan ek ten minste nog self my toiletpapier afskeur en weer my broek optrek sonder dat twee pare oë kyk of my pantie ook "'n bietjie te klein" vir my geword het - soos Elanie (nou 11) een keer opgemerk het. Maar nou ja, die naelvyl…

Toe die twee uiteindelik vanoggend met hulle tousbroodjies en tee op my bank sitgemaak is, het ek die naelvyl uitgehaal en agter die bank gaan sit waar ek gehoop het om buite sig te wees. Maar die tweede nael was pas gevyl, toe druk Bea haar handjies ook in vir 'n manikuur. Tussen die twintig vingertjies wat vanoggend gedoen is en stort en bed opmaak en kleuterskool toe ry, moes die vyltjie van die kombuistoonbank af saam met die krummels en melkspatsels in die wasbak beland het. So dink ek altans, want sweer dat dit die waarheid is, kan ek ook nie. Daarvoor is my kop en *granny flat* te deurmekaar.

Nou gaan sit ek maar, 'n glasie wyn langs my en die radio op Fine Music Radio, en gaan rustig voort waar ek vanoggend onderbreek is: met nael nommer 3. Wat maak dit nou saak of die naels vandag almal ewe lank was? Niemand het tog 'n ring aan my vinger probeer steek nie!

*

Marianne Strydom woon in 'n granny flat *by haar kinders in Durbanville. Sy is 'n vryskut taalpraktisyn en ouma van vyf kleinkinders.*

Sjokolade lepels ('n heerlike projek vir ma en kleuter!)

1. Kry 'n paar gekleurde plastiek-lepels by 'n plastiekwinkel of een van daardie goedkoop winkels waar jy lekker kan rondkrap vir iets interessants!

2. Gebruik 'n soort sjokolade wat jy graag eet en wat nie te goedkoop is nie (as dit by sjokolade kom kry jy gewoonlik waarvoor jy betaal!). Nie baksjokolade nie!

3. Terwyl jy die sjokolade smelt (in die mikrogolf of oor 'n bak kookwater op die stoof) kan jy solank die lepels iewers neersit waar hulle stele bietjie gelig is sodat die "bakkie" gedeelte gelyk is – onthou, jy wil nie jou vloeibare sjokolade laat oorloop nie! Stut dit teen 'n boek of die rant van 'n bord.

4. Skep nou versigtig jou lepels vol gesmelte sjokolade.

5. Versier die sjoklade met enige klein, kleurvolle lekkertjies of sprinkels. Jellie-boontjies werk goed omdat hulle kleure so helder is en hulle baie lekker smaak saam met sjokolade. NB: As jy sjokolade-lekkertjies gebruik moet jy eers so 10minute wag tot die sjokolade afgekoel het voor jy dit opsit, anders smelt dit dalk in die hitte.

6. Laat afkoel en stol, en bedien by kinderpartytjies, sit dit in die kosblik in skooltoe, of dek dit op jou tafel saam met die poeding!

Kry hierdie resep en nog ander oulike resepte by **www.deliciousdeliciousdelicious.blogspot.com**

© Anna Emm Productions 2011

Ons plus twee

Middernagtelike kaskenades

Ons is bevoorreg om oorkant ‘n park te bly. Dit beteken egter dat allerhande gediertes gereeld in ons huis kom skuil. Die kinders is mal daaroor as ek of manlief ‘n jagspinnekop in ‘n Ziploc bakkie vang om weer in die veld vry te laat. Ek is oortuig die spinnekoppe is na die ervaring so erg getraumatiseerd deur die kinders wat net nie genoeg kan kyk en druk nie, dat hulle nooit weer hul pote in enige huis sal sit nie.

Een middag is ek besig om te Skype met ouma en oupa toe Ellard instorm om te sê dat daar ‘n kriek agter die TV kas is. Hy sal dit gaan doodtrap - hy is immers nog baie trots daarop dat hy ‘n paar dae tevore (tot groot verligting van sy PlayBall juffrou, die mammas en die ander maatjies) ‘n vet kriek in die klas dood getrap het. Nie lank nie of hy’s egter terug. Nee, dis ‘n padda. In die sitkamer vind ek hom aan die een kant van die kas met ‘n flitslig, en Tressa - ons Golden Labrador - al snuffelend aan die ander kant. Uit Ellard se beskrywing besef ek gou dat, as dit wel ‘n kriek is, dit in die Guiness Book of World Records tuishoort. Maar daar is geen teken van padda of kriek nie.

Later die aand, terwyl ons TV kyk, hardloop ‘n muis agter die kas uit. Tressa is dadelik op sy spoor. Ek raak egter so opgewonde toe sy hom vang dat sy die muis weer laat val. Natuurlik is die toe skoonveld. Ons het toe maar gaan inkruip en voor ons nog behoorlik ons lê kon kry is daar skril muisgille uit die sitkamer, tesame met ‘n gestamp en gekrap. Ons besluit om te gaan red wat te redde is, vóór Tressa dalk die huis afbreek agter die muis aan.

Dit was soos ‘n toneel uit ‘n film. Almal soek die muis, maar sodra hy begin hol kry almal skielik vlerke. Dis ‘n getrippel en gespring en arms wat swaai! Gelukkig kon Manlief die karnallie aan sy stert vang en ons stop hom in ‘n ou roomysbak. Met al die drama het Ellard wakker geword, en was hy skoon uit sy vel om die muis te sien. Vir hom was die hoogtepunt om te hoor hoe ‘n muis klink. So, 12pm Vrydagnag is ons in gelid, gepantser in ons warmste baadjies, uit die huis. Die muis het ook nie op hom laat wag nie, en het dadelik tussen die graspolle verdwyn.

Sussie het die volgende oggend nog slaapdronk in geloop gekom toe is Ellard al besig om die opwinding van die vorige aand met haar te deel. Natuurlik is elke squeeck geluid in die huis nou ‘n muis!

*

Lizelle Rademeyer woon saam met haar man en twee kinders, Ellard (4) en Salomie (2) op Stellenbosch.

‘n Baba word met meer as 100 biljoen breinselle gebore. Elke nuwe ondervinding wat hy/sy met sy/haar vyf sintuie waarneem, veroorsaak dan dat nuwe konneksies tussen die breinselle gebou word.

Hoe Mamma ruik, of hoe Pappa se stem klink, hoe ‘n kleurvolle speelding lyk of hoe melkies proe - selfs ‘n sagte, liefdevolle hand op sy lyfie – word alles deel van hierdie ondervindings.

In my *Little 1* Peuter-program vir 1-3 jariges fokus ek op verskeie areas waarin Mamma haar kleinding kan stimuleer deur nuwe ondervindings te skep. Ons behandel weekliks aktiwiteite wat aandag gee aan fyn- en groot motoriese spier ontwikkeling, kuns, musiek, kleure, vorms, nommers, die Bybel, taal, bak en brou, en ook “messy play”. Ek sluit ‘n prettige eetgoed-idee, ‘n uitstappie-idee, inkleurprentjies en regte skoolskrif-woorde in, wat dan pas by die week se tema. Die program is groot pret vir Mamma én peuter, en kan binnekant die huis gedoen word wanneer dit koud en reënerig buite is.

Week 1-4 van die program is gratis! Kontak my by tiana@little1.co.za.

Kom ons maak SLYM!

1. Smelt 1 koppie gerasperde lux/sunlight/stukkies seep in 1 liter kookwater.
2. Gooi blinkertjies of voedsel kleursel by (opsioneel).
3. Laat staan tot mengsel dik en slymerig raak.
4. Gooi plastiek diere in en laat jou kleinding dit uitsoek, so dat hy die nuwe ervaring van die gladde slym teen sy vel letjie kan geniet.
5. Gee lepels, klitsers, tregters ens. vir ekstra pret.
6. Onthou om foto’s te neem!

Tiana is ‘n oud-kleuterskool onderwyseres. Sy en haar man woon in Kaapstad met hulle seuntjie, Caiden (19maande).

tiana@little1.co.za
www.little1.co.za

- Taal en wiskunde produkte
- Legkaarte
- Storieboeke
- Kuns-benodighede
- Boublokke in hout en plastiek
- Fantasie-klere
- Musiek-instrumente en nog vele meer!

Boeke en opvoedkundige produkte beskikbaar in Afrikaans, Engels, Xhosa & Zulu!

KITYA'S CREATIONS
Ons bied nie slegs Smile nie, maar het ‘n wye reeks ander produkte van geliefde en vertroude verskaffers – almal trots Suid-Afrikaans.
www.kityascreations.co.za
tania@kityascreations.co.za

© Anna Emm Productions 2011

Vita Stories vir gesonde kinders!

As jong onderwyseres het Anna Emm vir ure lank vir die kinders in haar klas stories voorgelees. Nadat hulle sowat deur die hele skoolbiblioteek gelees het, het sy haar eie stories begin skryf. “Ek was ‘n slegte onderwyseres,” lag Anna. “Ons het nooit by wiskunde of huiswerk uitgekom nie!” Die uitwerking wat die stories op die kinders gehad het, was egter ongelooflik. Nie net het hulle self beter gelees en geskryf nie, maar hulle begrip en insig in alledaagse situasies het ook verbeter, en hulle was rustiger as enige ander klas in die skool!

Na vier jaar se skoolhou was Anna Emm oortuig daarvan dat stories die vermoë het om mense te inspireer, te motiveer en te pamperlang soos geen ander medium op aarde nie. Sy het die onderwys verlaat en in 2004 Anna Emm Productions gestig as ‘n platvorm vir haar skryfwerk. Sedertdien het sy en haar span al meer as 700 nuwe kinderstories op CD vervaardig en versprei, en 22 verhoogproduksies op die been gebring. Hulle werk tans aan ‘n Afrikaanse DVD reeks vir kinders.

Wat die gewilde VITA STORIES CD-reeks anders maak as Anna se ander kinderstories, is dat dit spesiaal ontwikkel is om sosiale kwessies aan te spreek en vir kinders “life skills” rondom die kwessies te leer. Elke storie het ook 10 vragies wat jy as ouer of onderwyser agterna met jou kind kan bespreek. Die vragies help jou kind om die onderwerp beter te verstaan, en lei hom om oor sy eie gedagtes en emosies te praat – sonder dat hy dit besef! Onderwerpe in die VITA STORIES reeks sluit in boelies, groepsdruk, bang vir die donker, terg, die dood, spanning, en vele ander.

VITA STORIES is heerlike dierestories wat ure se luistergenot verskaf, maar ook goed is vir jou kind se emosionele en sosiale ontwikkeling! Elke storie is beskikbaar op ‘n dubbel-CD, met sy vragies, ‘n inkleurprentjie en ‘n praktiese ouerhandleiding oor die kwessie wat aangespreek word in die storie. Daar is 24 CDs in die reeks.

Vir ‘n volledige lys van stories en onderwerpe in die VITA STORIES-reeks, besoek Anna Emm Productions se aanlyn-katalogus by www.AnnaEmm.co.za

Een gelukkige Lekkerbekkie-leser staan die kans om ‘n volledige stel VITA STORIES CDs ter waarde R750 te wen! Sien bladsy 8 vir besonderhede.

MadiBABA PêPa™“Baby Wrap carrier”

Kangaroo care for premature babies (newborn) up to 36 months

5 Carry positions - Twin and single babies, 7 m long,one size fits all

Baby will love the closeness of your breath, heartbeat, warmth, scent, movement and rhythm:

www.MadiBABA.com

MadiBABA CoCoon™ “ Unique Swaddle Blanket”

MadiBABA Shopper™ “Shopping Cart Cover”

Splash proof material

082 654 3144

Wil jy bederf word terwyl jy steeds ‘n ogie kan hou oor jou kleinding? Of dalk sien jy nie kans om uit te gaan na ‘n salon voor die koms van die nuwe baba nie?

Besoek www.style4life.co.za en kliek op "packages for moms", of kontak Hannelie by 082 801 3234 of vaneedenh@telkomsa.net / Chantelle by 079 971 1007

Thomas Tandemuis skryf aan klein mensies! Hy leer hul speel-speel oor tandversorging, vertel wat hy met al die tandjies doen EN stuur ‘n oulike geskenkie saam! Gr00000000000 pret!

www.thomastoothmouse.co.za

Spesiaal vir Lekkerbekkie lesers: Thomas bederf Lekkerbekkie-lesers met iets ekstra in hul 1ste pakkie (inskrywings vir 4 kwartale)

BAZOO! Afrikaanse kindertydskrif vir 4 – 7 jariges

Bestel 10 vorige uitgawes (R20 elk) van Bazoo en ontvang nog 2 uitgawes GRATIS! (aanbod slegs vir *Lekkerbekkie lesers*) Stuur bestellings per e-pos aan: admin@bazoo.co.za

www.bazoo.co.za

© Anna Emm Productions 2011

Wen ’n volledige stel van 24 *Vita Stories* CDs!

Anna Emm Productions gee hierdie maand aan ‘n gelukkige Lekkerbekkie-leser ‘n stel van 24 storie-CDs ter waarde R750!

Elke luisterstorie kom saam met ‘n inkleurprentjie, vragies oor die storie en praktiese raad aan die ouer oor die kwessie wat in die storie aangeraak word.

Hoe om te in te skryf: Epos lekkerbekkie@annaemm.co.za en vertel vir ons in 5 sinne wat op die oomblik in jou kind se lewe vir hom/haar die grootste uitdaging is, bv. boelies, spanning in die huis, leerprobleme, of dalk net die aanpassing van ‘n nuwe boetie of sussie!

Slegs een inskrywing per persoon! Sluitingsdatum: 25 Julie. Die wenner sal in die volgende uitgawe van Lekkerbekkie bekend gemaak word.

Junie se wenners

***Filaflooi*-kompetisie**

Baie geluk aan die wenners van Junie-maand se *Filaflooi*-kompetisie! Biaan van Sittert (6), Dané Bruwer (3), Gerrit Hambridge (2) en Thomas van der Merwe (3) wen elk ‘n pragtige T-hempie in die kleur en grootte van hulle keuse, met ‘n *Filaflooi*-rympie op! Geluk ook aan Elsabe Kruger – jy wen ook vir jou kleinding ‘n T-hempie! ‘n Groot dankie aan Juliana van www.filaflooi.co.za wie die pryse geskenk het vir die kompetisie.

Kontakbesonderhede



Lekkerbekkie is ‘n GRATIS maandelikse e-Tydskrif!

As jy graag elke maand ‘n nuwe Lekkerbekkie GRATIS wil ontvang stuur ‘n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za.

Wil jy nie meer uitgawes van Lekkerbekkie ontvang nie?

Stuur ‘n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za met die woord “UNSUBSCRIBE” in die *subject line*.